

27 November

Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9
Fokusgedeelte: NGB, Art 30

Die kerkraad vermaan oortreders

Die woord “vermaan” is ’n wonderlike woord. Dit kan in die Nuwe Testament terselfdertyd “vermaan” (“aanspreek”) en “bemoedig” (“troos”) beteken. Só moet die vermaning deur ’n kerkraad ook altyd wees: dit moet aanspreek én troos. Kyk hoe doen Paulus dit in ons Skrifgedeelte.

In die modelgemeente Filippi met al sy mooi eienskappe was daar, jammer genoeg, ook persoonlike konflik. Twee susters wat Paulus se medewerkers was en saam gestry het (“die stryd gevoer het”) (vers 3) in God se koninkryk, stry nou harder téén mekaar as vir die evangelie. Paulus laat die saak nie maar daar nie. Hy vermaan Euodia en Sintige (vers 2) en roep die leiers van die gemeente op om hom hiermee te help (vers 3).

In sy VERMANING kies Paulus nie kant nie en hy raak ook nie betrokke by al die intriges van die saak nie. Soos dit by Bybelse vermaning pas, plaas Paulus Jesus Christus in die middel. Hy roep die twee vroue na die Here toe. Hulle moet “in die Here” eensgesind wees (vers 3). Dit beteken hulle moet onthou watter gesindheid Jesus Christus gehad het toe Hy vir hulle aan die kruis gesterf het. Dan moet hulle juis met hierdie onselfsugtige gesindheid van Jesus teenoor mekaar begin lewe.

Terselfdertyd BEMOEDIG Paulus hierdie twee vroue. Hy herinner hulle aan die wonderlike saamwerk van die verlede. Hy laat ook duidelik blyk dat hy hulle nie as minderwaardige lidmate beskou omdat hy hulle moes vermaan nie. Hulle name is steeds opgeskryf in die boek van die lewe (vers 3)!

Waar vermaning só plaasvind, staan die Here self gereed om sy blydskap en vrede weer uit te deel (vers 4, 9).

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)